5 Mei 2021

NUUSBRIEF 4/2021

Geagte ouers, personeel en leerders

Met die aanvang van die tweede kwartaal wil ek elkeen van u verwelkom en die vertroue uitspreek dat ons ‘n baie voorspoedige kwartaal sal beleef.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

1. RAPPORTE

Leerlinge ontvang Donderdag en Vrydag (6 & 7 Mei 2021) hul rapporte. Bestudeer asseblief die rapport en tref vroegtydig reëlings met die personeel betrokke indien u kind onderpresteer, op druiping afstuur of ‘n spesifieke uitval het waaraan aandag geskenk behoort te word.

2. BELANGRIKE DATUMS

05 Mei 2021	:	Netbal Streeksproewe te Laerskool Krugerpark
07 – 09 Mei 2021	:	Leiersontwikkelingskamp te Fraaibos
11 Mei 2021	:	Rugby en netbal te Laerskool Koedoeskop
12 Mei 2021	:	Graad 7-sokkie te Laerskool Thabazimbi
14 Mei 2021	:	Gholf vs Bosveld, Ellisras en Krugerpark te Thabazimbi Gholfklub
15 Mei 2021	:	Rugby vs Laerskool Pietersburg-Oos (tuis)
17 Mei 2021	:	Rugby Streekproewe te Laerskool Ellisras
18 Mei 2021	:	Netbal Provinsiale proewe te Hoërskool Pietersburg
20 Mei 2021	:	Rugby vs Laerskool Krugerpark (tuis)
27 Mei 2021	:	Rugby en netbal vs Laerskool Bosveld te Laerskool Bosveld
28 Mei 2021	:	Gholf vs Laerskool Krugerpark, Bosveld en Ellisras te Mokopane Gholfklub
29 Mei 2021	:	Revue sangopname
03 Junie 2021	:	Rugby vs Laerskool Pietersburg-Noord (tuis)
04 Junie 2021	:	Gholf vs Laerskool Bosveld, Ellisras en Krugerpark te Mogol Gholfklub
		O/12 Rugbyproewe te Laerskool Pietersburg-Oos
05 Junie 2021	:	O/13 Provinsiale rugbyproewe te Laerskool Pietersburg-Oos
07 Junie 2021	:	Eksamen/toetsreeks begin
08 Junie 2021	:	Rugby vs Laerskool Proteapark (tuis)
10 Junie 2021	:	Netbal uitspele
17 Junie 2021	:	Rugby vs Laerskool Julian Muller (tuis)
18 – 19 Junie 2021	:	Allegretto Eisteddfod Drama-afdeling te Kunstegrot
24 Junie 2021	:	Rugby vs Laerskool Pietersburg te Polokwane
25 Junie 2021	:	Netbal Limpopo Kampioenskappe te Polokwane
25 – 26 Junie 2021	:	Revue video-opname
28 Junie 2021	:	Eksamen/toetsreeks eindig
09 – 12 Julie 2021	:	Krieketkliniek te Camp Discovery – O/10, O/11 en Eerstespan
09 Julie 2021	:	Skool sluit

3. NUWE PERSONEELLID

Ons verwelkom Me Joyce Sephiri as nuwe onderwyseres by ons skool. Sy is verantwoordelik vir die aanbied van Setswana vir Graad 1 – 3 leerders. Ons spreek die vertroue uit dat haar verbintenis met ons skool baie aangenaam en verrykend sal wees.

4. HEROPENING TOT 100 % LEERDERKAPASITEIT

Tydens die laaste Beheerliggaamsvergadering is 'n besluit geneem om die skool vanaf Maandag, 10 Mei 2021 ten volle te heropen. Die volgende is van belang:

- Toegangsroetes vir af- en oplaai van leerders bly onveranderd.
- Die skoolhekke bly steeds gesluit vir die duur van die skooldag.
- Sanitering vind plaas by alle toegangshekke tot die skoolgeboue en klaskamers.
- Dra van maskers is steeds baie belangrik.
- Leerders wat siek is moet tuis bly asseblief.
- Geen toeskouers word tans toegelaat by sport- en kultuuroefeninge nie.

Neem asseblief kennis dat die bogenoemde reëling binne 24 uur weer kan verander, indien die Covid-situasie sou verander.

5. SKOOLGELDE

Laerskool Thabazimbi is genoodsaak om alle uitstaande skoolgeldrekeninge af te sluit vir oorhandiging aan Prosperitas Invorderaars. Oorhandigings geskied op 10 Mei 2021.

Ek weet dat Laerskool Thabazimbi – soos in die verlede – weer op elkeen van u se getroue ondersteuning en lojaliteit kan staatmaak. Dit is vir elke personeellid wat met u kinders werk, 'n baie groot voorreg en ons sal poog om net die beste vir elkeen van hulle te lewer.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF